Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

4 Mei 2016

Vir aandag: Skribas, Leraars en Voorsitters van kerkrade

Geagte kollegas,

GELOOFSBRIEWE EN ANDER REËLINGS : SINODE 2016 (31 OKTOBER – 3 NOVEMBER 2016)

Die tyd begin nou aanstap na ons volgende Oos-Kaaplandse Sinode, van Maandag, 31 Oktober tot Donderdag, 3 November 2016. Mens kan dit skaars glo, maar dit is nou tyd vir julle as kerkrade en gemeentes om die reëlings te begin tref.

1. KEERDATUMS

Die volgende keerdatums geld vir Sinode 2016:

1.1 **1 Julie** : Indien van Geloofsbriewe (aangehegde vorm)
1.2 **29 Julie**: Indien van Beskrywingspunte
1.2 **29 Julie** : Betaling van tarief per afgevaardigde aan die Sinode.

2. LOGISTIEK

2.1 **DATUM**: 31 Oktober tot 3 November 2016. Die datum is reeds in 2015 bekendgemaak.
2.2 **PLEK**: Die sinode word by die Willows Vakansieoord net buite Port Elizabeth gehou. Sien kaart.
2.3 **KOSTE**: R3,800 (Drieduisend agthonderd rand) *per* afgevaardigde. Dit sluit alle etes in, die konferensiesentrum, asook reiskoste en verblyf vir diegene wat van ver kom. Die koste is vir die rekening van elke gemeente, en werk op die basis van egalisasie (naby gemeentes subsidieer gemeentes wat van ver kom). Talle ringe het op advies van die Sinodale Kommissie aansoek gedoen om gemeentes deur middel van ringsprojekte te subsidieer - kontak u ringskriba of kyk na die toekennings vir ringsprojekte vir 2016-17 by http://www.ngkok.co.za/ringsprojekte/2016/aansoeke2016.htm. Gemeentes met bona fide finansiële beperkings kan ook met my kontak maak. Ons wil nie hê

finansies moet tussen enige gemeente en bywoning van die sinode staan nie.
Betaling moet asb. teen 29 Julie 2016 geskied:

NG Kerk in Oos-Kaapland
ABSA
Rekening: 290 581 192
Verwysing: **S2016 [+Gemeentenaam]**
(Faks asb bewys van betaling na 0865 860 623)

2.4 **TYD**: Ons begin op 31 Oktober om 09:00 tot 11:00 met registrasie, en sluit op 3 November om 14:00 af.

2.5 **AFGEVAARDIGDES**: Ons wil graag alle predikante by die sinode hê, asook 'n kerkraadslid per predikantspos. Gemeentes met vakatures vir predikante moet asb. 'n kerkraadslid in die leraar se plek afvaardig, d.w.s. twéé afgevaardigdes stuur.

2.6 **REISKOSTE**: Reiskoste sal streng vir een voertuig per gemeente of vir een motor per vier afgevaardigdes betaalbaar wees.

3. DATUMS VIR U BEPLANNING

3.1 Geloofsbriewe

Die **keerdatum** vir die inhandiging van geloofsbriewe is **1 Julie 2016**. Elke kerkraad moet sy LYS afgevaardigdes teen hierdie datum op die **voorgeskrewe geloofsbrief** (onderteken) stuur aan:

Direkteur Sinode
Ds DW Mouton
Posbus 34842
Newtonpark
6055
Faks: 0865 860 623
Epos: sinode@ngkok.co.za

3.2 Blanko geloofsbrief aangeheg

'n Blanko geloofsbrief word vir u aangeheg. Gebruik asb. hierdie geloofsbrief, dit is pasgemaak vir die sinode. 'n Groot uitdaging gaan wees om die sakelys betyds by elke afgevaardigde te kry. Ons het daarom **volledige posadresse**, asook 'n **eposadres** en **selfoonnommer** vir **elke afgevaardigde** nodig.

3.3 Beskrywingspunte

Alle beskrywingspunte wat u kerkraad of ring wil inhandig, moet teen **29 Julie 2016** ingehandig wees by die Skriba Sinode (KO 35.4.1).

4. SLAAPPLEK: BESPREKINGS BY WILLOWS

4.1 Let wel: **Die Sinodale Kantoor hanteer slaapplekbesprekings volgens die geloofsbriewe**. Die beginsel van eerste bespreek, eerste gehelp geld hier. Dit is belangrik dat u die geloofsbrief volledig voltooi, en aandui of slaapplek by Willows benut word.

4.2 Die <u>UITGANGSPUNTE</u> en <u>VOORWAARDES</u> vir verblyf is:

a) Ons aanvaar dat afgevaardigdes uit gemeentes van Port Elizabeth en omgewing tuis gaan oornag. Dit spaar die sinode baie geld, en bring die eenheidskoste af. Hierdie afgevaardigdes hoef dus nie by Willows te oornag nie.

b) Afgevaardigdes van ver is ook welkom om ander verblyf in die stad te bespreek. U kan by familie of vriende, of in privaat verblyf tuisgaan. In daardie geval sal 'n maksimum bedrag van R200 per nag, vir nie meer as drie nagte nie, aan u betaal word.

c) Persone wat vóór of ná die Sinode by Willows wil oornag, moet dit met die sinodale kantoor reël. Die gemeente / afgevaardigdes is self vir daardie koste verantwoordelik.

d) Ontbyt by Willows tydens die sinode is slegs beskikbaar vir persone wat op Willows oornag.

5. BETALINGS AAN SINODE

Gemeentes betaal R3,800 (Drieduisend agthonderd rand per afgevaardigde):

NG Kerk in Oos-Kaapland
ABSA
Rekening: 290 581 192
Verwysing: **S2016 [+Gemeentenaam]**
Faks asb u bewys van betaling na 0865 860 623, of e-pos dit na sinode@ngkok.co.za

Keerdatum vir betaling: 29 Julie 2016

Baie dankie vir u geduld met die hoop reëlings.

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode